KRUISKERK.co.za
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** 2 Konings 5: 1-14
**Tema :** Simbole : Het ons nog daarvan en watter rol speel dit in ons lewens?

## BROODJIES VIR DIE PAD

"My point, once again, is not that those ancient people told literal stories and we are now smart enough to take them symbolically, but that they told them symbolically and we are now dumb enough to take them literally."
— John Dominic Crossan, Who Is Jesus? Answers to Your Questions About the Historical Jesus

"Man, as we realize if we reflect for a moment, never perceives anything fully or comprehends anything completely."
— C.G. Jung, Man and His Symbols

"A man likes to believe that he is the master of his soul. But as long as he is unable to control his moods and emotions, or to be conscious of the myriad secret ways in which unconscious factors insinuate themselves into his arrangements and decisions, he is certainly not his own master."
— C.G. Jung, Man and His Symbols

"I love tunnels. They 're the symbol of hope: sometime it will be bright again.
If by chance it is not night."
— Pascal Mercier, Night Train to Lisbon

"Beneath our loquacious chatter, there is a silent language…Our common human language is not…something to do with vocal
cords and speech. It is, rather, our sense of proportion, our balance, harmony
and other aspects of simple and fundamental form."
— Rollo May, My Quest for Beauty

"Anthropologists have often described what happens to a primitive society when its spiritual values are exposed to the impact of modern civilization. Its people lose the meaning of their lives, their social organization disintegrates, and they themselves morally decay. We are now in the same condition. But we have never really understood what we have lost, for our spiritual leaders unfortunately were more interested in protecting their institutions than in understanding the mystery that symbols present. In my opinion, faith does not exclude thought (which is man's strongest weapon), but unfortunately many believers seem to be so afraid of science (and incidentally of psychology) that they turn a blind eye to the numinous psychic powers that forever control man's fate. We have stripped all things of their mystery and numinosity; nothing is holy any longer."
— C.G. Jung, Man and His Symbols

"Symbols are for interpretation, not definition."
— Erin Morgenstern, The Starless Sea

"Philosophy [nature] is written in that great book which ever is before our eyes -- I mean the universe -- but we cannot understand it if we do not first learn the language and grasp the symbols in which it is written. The book is written in mathematical language, and the symbols are triangles, circles and other geometrical figures, without whose help it is impossible to comprehend a single word of it; without which one wanders in vain through a dark labyrinth."
— Galileo

"If you have to ask what it symbolizes, it didn't."
— Roger Ebert

"The task of art is to transform what is continuously happening to us, to transform all of these things into symbols, into music, into something which can last in man's memory. That is our duty. If we don't fulfill it, we feel unhappy."
— Jorge Luis Borges

"When Christ at a symbolic moment was establishing His great society, He chose for its cornerstone neither the brilliant Paul nor the mystic John, but a shuffler, a snob, a coward – in a word, a man. And upon this rock He has built His Church, and the gates of Hell have not prevailed against it. All the empires and the kingdoms have failed, because of this inherent and continual weakness, that they were founded by strong men and upon strong men. But this one thing, the historic Christian Church, was founded on a weak man, and for that reason it is indestructible. For no chain is stronger than its weakest link."
— G.K. Chesterton, Heretics

**Wilhelm Jordaan: Tentakels van ontgroening kry só vatplek**

Wat is die wortel van die kwaad wat maak dat "ontgroening", wat ook al die eufemistiese name daarvoor, jaar ná jaar tot skade en skande by skole en universiteite lei? Dié bedenklike praktyk is nou weer ter sake ná die "Wilgenhof-ontdekking" in Stellenbosch.

Heel eerste: Dis net te maklik om dit te verbind aan die Afrikaner se geskiedenis van outoritêre gesinsideologie en patriargie. Dit het veelal te doen met die aansteeklikheidseffek van 'n hiërargiese onderdanigheidskultuur wat oral in die wêreld voor

Maar dié belangrike beginsel loop dikwels uit op wanpraktyke, soos "ontgroening" volgens "tradisies" en allerlei vergoeilikings. Soos: tipiese studentepret; koshuistrots en kameraderie wat lojaliteit aan die alma mater skep het van my seun die man gemaak wat hy vandag is; dit het gewerk vir pa en ma en hulle het niks daarvan oorgekom nie; nuwelinge moet tog respek ontwikkel; hulle plek ken enso(versagtend)voort.

Die feite is wel ook anders: Sommige "seniors" in 'n koshuishiërargie "lyf" die "juniors" in deur hulle onder meer te bespot, verneder, boelie, selfs te lyf te gaan en gevaarlike dinge te laat doen. Ontgroening word dan 'n magspel: dreigende, tierende grotes teenoor die bewende, sidderende kleintjies; Goliat van Gat wat hom breëbors opstel teenoor bang Dawid. Dié soort houding en praktyk versprei soos 'n kanker op die eenvoudige aansteeklikheidsgrondslag dat vanjaar se minderes aanstaande jaar die meerderes word, en dan aan ander doen wat aan hulle gedoen is. By wyse van spreke: Ek is gemoer, nou moer ek terug.

Wat hiermee kan saamgaan, is "groepboosheid" – 'n klein kliek ontgroeners wat in die polsing van groepdink mekaar "warm broei" en dan vergrype pleeg wat hulle as enkelinge nooit sou doen nie. Dié verskynsel word psigiese deïndividuasie genoem – jy as individu verloor jou waardes en oordeel in die mag wat jy sien jy oor minderes het: Hoe bang en angstig hulle raak; hoe hulle vernederd voor jou kruip.

Ontgroening ís verwerplik. Wat nodig is, is inligtingsprogramme en voorligting om "juniors" te help inskakel. Dit behoort koshuiskomitees in te sluit wat gekeur en opgelei word in basiese bestuursbeginsels. Waar nodig kan dit ook dissiplinêre "verhore" onder regskundige toesig insluit. Dít behels 'n ingrypende hersiening van bestaande praktyke by universiteite en skole.

Sodat lojaliteit aan 'n koshuis of alma mater bepaal word deur die gehalte van die opleiding, die vriendskappe wat gesmee is en die waardes wat ontwikkel is – juis daardie waardes wat elke geslag sal help verstaan hoe maklik mensonterende ideologieë, simbole, tradisies en praktyke floreer.

• Jordaan is 'n ontvanger van die Stalsprys vir sielkunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die mening van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.

---

## BROOD VIR DIE PAD

**Geestelike waardes: Passies is nie sleg nie, maar dit kan wel konflik skep**

In sy boek Passions of the Soul (2024) fokus die Anglikaanse teoloog Rowan Williams op die monastieke tradisie van die Oosterse Christendom se "agt passies van die siel" (gulsigheid, wellus, gierigheid, woede, moedeloosheid, lusteloosheid, ydelheid en hoogmoed).

Dié "passies" stem grotendeels ooreen met wat later in die Westerse Christendom as die sewe doodsondes bekend sou staan. Tog wys Williams daarop dat dit vir skrywers uit die Oosterse mona¬stieke tradisie – soos Evagrius van Pontus (345-399 n.C.) asook Johannes Cassianus (c. 360 n.C. tot c. 432) – nie soseer gegaan het oor 'n lys van regte of verkeerde dade nie, maar meer oor hoe ons natuurlike impulse of passies (wat insigself nie iets sleg is nie) destruktief kan raak en ons uitkyk op die werklikheid kan vertroebel.

In een van die hoofstukke, met as opskrif "Envy, Despair and the Light of Hope", gee Williams aandag aan die sewende "passie van die siel", te wete ydelheid (wat soms in Engels vainglory genoem word; Williams praat van "self-esteem"). Dit sluit aan by ons natuurlike behoefte (waarvan ons nie eens altyd bewus is nie) om eer en erkenning van ander te ontvang.

Ons wil spesiaal voel. Maar ons het nie beheer oor hoe ander ons sien of beoordeel nie. En dit bring vir ons 'n sekere angstigheid wat maak dat ons versoek word tot vernietigende keuses wat onsself en ander skaad. Terloops, iets hiervan word treffend uitgebeeld in die rolprent The Devil's Advocate (1997), met 'n jong advokaat (gespeel deur Keanu Reeves) wat presies op hierdie punt deur die duiwel-figuur, John Milton (meesterlik vertolk deur Al Pacino), op die proef gestel word. Met Milton wat teen die einde van die rolprent

betekenisvol opmerk: “Vanity, definitely my favorite sin.”

Williams wys verder daarop dat ons behoefte om deur ander gereken te word ons maklik tot afguns verlei. As iemand anders bewondering ontvang, glo ons gou, dan is daar minder vir my. Daarom moet ek hulle klein hou en myself ophemel, want dit is ek of hulle. Die wortel van talle konflikte, op persoonlike en politieke vlak, is juis met hierdie logika verknoop.
In Passions of the Soul verbind Williams verder elkeen van die agt passies van die siel met een van die agt saligsprekinge (Matteus 5:1-12). En as teenmiddel teen ydelheid verwys hy spesifiek na die spreuk “Gelukkig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word” (vers 9).

Want daar kan alleen ’n ruimte vir vrede geskep word as ons kan beweeg na anderkant die angstige houding dat ons grootheid met die afkraking en vernietiging van ander moet saamval. – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*